

DIE MERK VAN DIE DIER TEENoor DIE SEËL VAN JAHUAH

Om die Merk van die Dier te kan verstaan moet ons dit in konteks plaas in die Groter Prentjie. Vanaf Gen. 3 is daar wat die Mens/Adam betref 'n keuse m.b.t. **wie aanbid** en gehoorsaam moet word ... wie se instruksies/gebooië/torah moet gevolg word. Dit is die [Konflik van die Eeue](#) tussen die Koninkryk van Lig en die Koninkryk van Duisternis (Open. 12).

Gen 3:15 En Ek sal **vyandskap** stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar Saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Die profesie oor die Merk van die Dier in Open. 13 is die klimaks van Satan se opstand tènè Elohiem as die Skepper van hierdie Aarde. Sedert JaHUsa se dood op die folterpaal, weet Satan dat hy oorwin is (Kol. 2:15), maar hy wil so veel as moontlik mense (wat na Elohiem **se beeld** geskape is), met hom saamneem na die Verderf. Sien: [TWO KINGDOMS](#).

Die eerste konflik was tussen die Regverdige Abel en Kain wat uit die Bose was. Kain was die eerste persoon met 'n merk en daar is 'n weg wat die "weg van Kain" genoem word.

1 Joh. 3:11 Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê;

1 Joh. 3:12 nie soos **Kain wat uit die Bose was** en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat **sy werke boos was** en dié van sy broer **regverdig**.

Judas 1:10 Maar hierdie mense **belaster** alles **wat hulle nie ken nie**; en alles wat hulle, soos die **redelose diere**, op **natuurlike wyse** verstaan, daardeur gaan hulle te gronde.

Judas 1:11 Wee hulle, want hulle het **die weg van Kain** bewandel en **om loon** hulleself in die [verleiding van Bileam](#) gestort en in die verset van Korag omgekom.

Die "weg van Kain" is die afvallige weg van 2 Thess. 2 wat saam met Open. 13 gelees moet word, want in die laaste dae sal daar 'n **groot afval** wees wat sal uitloop op 'n globale verrysing van 'n valse godsdienstige sisteem wat politiek en monetêr beheer sal word (*dis [die Dier en die Valse Profeet](#) saam in aksie*, Open. 17:3), wat onder 'n dekmantel sinoniem is met die aanbidding van die Teenstander van JaHUAH (die Draak, Open. 13:4, Open. 12:9). Die misleiding sal dan so groot wees, dat almal wie se name nie geskryf is in die Boek van die Lewe **van die Lam** nie, die Dier sal aanbid.

Rev. 13:8 And all that dwell upon the earth **shall worship him**, whose names **are not written** in the book of life **of the Lamb** slain from the foundation of the world.

Die Teenstander is wetteloos (1 Joh. 3:4) en opereer deur leuens en misleiding.

2 Thess. 2:9 hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige daade en tekens en wonders **van die leuen**

2 Thess. 2:10 en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde **tot die waarheid** nie aangeneem het **om gered te word nie**.

2 Thess. 2:11 En daarom sal Elohiem hulle die **krag van die dwaling stuur**, om **die leuen te glo**,
2 Thess. 2:12 sodat almal geoordeel kan word **wat die waarheid nie geglo het nie**, maar behaer
gehad het in die ongeregtigheid.

Soos wat mense in die verlede vervolgd is (dink ook aan die dissipels) en vandag nog vervolgd word, is die konsep van die “Merk van die Dier” ‘n **ontwerp** om almal te konformeer tot die Dier se Valse Profeet se **geloofsisteem** (Open. 13:11 – 18) vir ‘n Een-wêreldgodsdienst onder die beheer van die “Nuwe” Wêreldorde se Politieke en Montêre sisteem.

Die plan is om vanuit Jerusalem te opereer met die dodelike Noagidiese wette van Judaïsme waar ander nasies en volke (*die “Goyim”*) as “diere” geklassifiseer word. Dis ‘n proses in wording en ons is nog nie heeltemal daar nie (*behalwe agter die skerms in die vorm van beplanning, 2 Thess. 2:7*), maar ons is wel dàar waar die Teenstander van Elohiem sy **vangnet** van Misleiding soos ‘n “Trojaanse perd” opgestel het om mense na daardie punt toe te beweeg. Die **“Vyand is in die Kamp”** sonder dat dit raakgesien word vir wat dit is omdat mense dit anders verwag en daarom is **dit** tans die “Merk van die Dier” waarvoor ons op die uitkyk moet wees, want **èers moet die afval kom**.

2 Thess. 2:1 Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van ons Meester JaHUsa Messias en ons vereniging met Hom,

2 Thess. 2:2 om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie—deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees—asof die dag van Messias al daar is.

2 Thess. 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, **want eers moet die afval kom** en die **mens van sonde** (*wettelose, 1 Joh. 3:4*) **geopenbaar word, die seun van die verderf**

2 Thess. 2:4 die teëstander wat hom verhef bo al wat Elohiem genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van Elohiem **as Elohiem** sal sit en **VOORGEE DAT HY ELOHIEM IS**.

Die [tempel is geestelik](#) sedert JaHUsa gekom het, en dis in daardie realm waar hy sy eie nagmaakte “kerk” skep waar hy homself as Elohiem voordoen om aanbidding vir homself te kaap (vgl. Gen. 3, Jes. 14:12 – 14, Eseg. 28:12 - 19).

Satan se eerste taktiek is Misleiding, daarna sal hy oorgaan tot Dwang en Vervolging, soos wat in die Donker Middeleeue alreeds beleef was (*maar in Napoleon se tyd tot ‘n einde gekom het toe Staat en Kerk van mekaar geskei is*) en vandag nog in sekere lande beleef word. Wat was, word herhaal, soos ‘n wiel wat draai (die gewonde Dier genees).

Ons **eerste** prioriteit is om die Misleiding raak te sien en te vermy, maar ons verstaan werklik eers mooi waarna om op te let as ons kyk na wat **die fisiese** vir ons **as profesie** van die geestelike uitbeeld, want dit is die fondasie waarop die merk in Openbaring 13 gebou is, hoewel net **omgekeerd** soos wat JaHUaH se Teenstander dit altyd doen.

Daarvoor moet ons teruggaan na **Ex. 12** en **13**, naamlik die verlossing van die volk uit die slawerny van Egipte deur die Sterk Hand van JaHUaH. Daar lees ons van ‘n simboliese **Voorhoofsband tussen die oë** en ‘n **merk op die hand**. Die konteks waarin dit geskryf is, gee vir ons antwoorde, want dis dieselfde terme wat in Open. 13 gebruik word.

Open. 13:16 En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe ‘n merk op hulle **regterhand** en op hulle **voorhoofde** gegee word;

VERLOSSING UIT DIE SLAWERNY VAN EGIPTES

Faraon het die Israeliete verdruk en ekonomies uitgebuit deur hulle te gebruik om deur dwangarbeid **voorraadstede** vir hom op te rig, naamlik Pitom en Raamses (Ex. 1:11, Ex. 12:37). Hoe meer hulle verdruk was, hoe meer het hulle uitgebrei sodat die Egiptenare naderhand bang was vir die Israeliete (Ex. 1:12).

Aanvanklik het Josef die gebied waar Raamses gebou is aan Jakob en sy broers gegee as die “beste deel van die land”. Dis ook waar hy hulle met brood onderhou het tydens die jarelange droogte.

Gen. 45:9 Trek gou op na my vader en sê vir hom: So spreek u seun Josef: Elohiem het my ‘n gebiedier oor die hele Egipteland gemaak. Kom af na my, moenie versuim nie!

Gen. 45:10 En u kan in die land **Gosen** woon en naby my wees, u en u kinders en u kindskinders en u kleinvee en u beeste en alles wat u besit.

Gen. 45:11 En **ek sal u daar onderhou**, want daar sal nog vyf jaar hongersnood wees; sodat u nie verarm nie, u en u huis en alles wat aan u behoort.

Gen. 47:11 En Josef het vir Jakob en sy broers woonplekke aangewys en aan hulle besitting in Egipteland gegee, in die **beste deel** van die land, in die landstreek **Raamses**, soos Faraon beveel het.

Gen. 47:12 En Josef het sy vader en sy broers en die hele huis van sy vader **met brood onderhou** ooreenkomstig die getal van die kinders.

Raamses is ‘n Koptiese woord wat beteken: “Child of the sun/Creation of the sun”. Die Egiptenare was songodaanbidders (met Ra as die songod) en met die uittoeg word daar gesê dat die Israeliete vanaf Raamses na [Sukkot](#) (wat “tydelike hutte/beskutting” beteken), opgetrek het (Ex. 12:37) sodat hulle na die Beloofde Land kon optrek. **Soos in die fisiese, so in die geestelike.**

Die Israeliete was verlos deur ‘n reeks van tien plae (waarvan **die laaste sewe hulle nie geraak het daar in Gosen/Raamses nie**) en die hoogtepunt was toe die **bloed van ‘n lammetjie** aan hulle deurposte hulle eersgeborenes gespaar het van die dood wat die Egiptenare se eersgeborenes getref het (vgl. 1 Kor. 5:7).

Dis nà hierdie wonderbaarlike verlossing deur die **Sterk Hand** van JaHUaH (wat *JaHUsha* simboliseer, *Jes. 53:1, Jes. 41:10, Jes. 59:1, Matt. 26:64*) dat Moses vir die volk die volgende opdrag moes gee i.v.m. die loskoping van die [Eersgebore](#) seuns van Israel (vgl. ook Heb. 12:23 – 24) ...

Ex. 13:3 Verder het Moses aan die volk gesê: **Dink** (**H2142 “zakar”**) aan hierdie dag waarop julle uit Egipte, uit die slawehuis, uitgegaan het; want JaHUaH het julle deur ‘n **Sterke Hand** hiervandaan uitgelei; daarom mag geen gesuurde brood geëet word nie.

Ex. 13:8 En **jy moet jou seun op dié dag vertel** en sê: **Dit geskied ter wille van wat JaHUaH aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het.**

Ex. 13:9 En dit moet vir jou as ‘n **TEKEN** (**H226 “oth”**) wees **op jou hand** en ‘n **GEDENKTEKEN** (**H2146 “zikron”**) **tussen jou oë**, sodat die wet van JaHUaH in jou mond mag wees; **WANT deur ‘n Sterke Hand** het JaHUaH jou uit Egipte uitgelei.

Ex. 13:10 **Daarom moet jy hierdie insetting onderhou** op die daarvoor **bepaalde tyd**, van jaar tot jaar.

Dit word herhaal in Ex. 13:16.

Ex. 13:13 Maar elke eersteling van 'n esel moet jy met 'n lam loskoop. En as jy dit nie loskoop nie, moet jy sy nek breek. Maar **al die eersgeborenes van mense onder jou seuns moet jy loskoop.**

Ex. 13:14 En as jou seun jou later vra en sê: **Wat beteken dit?** dan moet jy hom antwoord: **JaHUaH het ons deur 'n Sterke Hand uit Egipte, uit die slawehuis, uitgelei.**

Ex. 13:15 Want **toe Farao swarigheid gemaak het** om ons te laat trek, **het JaHUaH** al die eersgeborenes in Egipteland **gedood**, van die eersgeborene van die mense af tot die eersgeborene van die diere toe. **Daarom** offer ek aan JaHUaH alles wat die moederskoot open wat manlik is; maar **al die eersgeborenes van my seuns koop ek los.**

Ex. 13:16 En dit sal as 'n **teken (H226 "oth")** wees op jou **hand** en 'n **voorhoofsband (H2903 "to-phah-phah")** tussen jou oë; **want JaHUaH het ons deur 'n Sterke Hand uit Egipte uitgelei.**

Strong's H226 "oth" beteken ...

Probably from **H225** (in the sense of *appearing*); a *signal* (literally or figuratively), as a **flag**, **beacon**, **monument**, **omen**, **prodigy**, **evidence**, etc.: - **mark**, miracle, **(en-) sign**, token.

In die Ancient Hebrew Lexicon is die stamwoord nommer 1022, **†𐤕𐤁** (תא AT). Dit is die Alef en die Tav (Open. 1:8, 22:13) en is baie betekenisvol.

The Pictograph **†𐤕** is a picture of an ox. The **†** is a picture of two crossed sticks used to make a sign or mark. Combined these pictures represent "**an ox moving toward a mark**".

When plowing a field with oxen, the plowman drives the oxen **toward a distant mark** in order to keep the furrow straight.

A traveler arrives at his destination **by following a mark**. The traveling toward a mark, **destination** or person.

The **arrival of one to the mark**. A "you" is an individual who has arrived to a "me". The coming toward a mark.

The standard, or **flag**, with **family mark hangs as a sign**.

An agreement or **mark of the agreement** is made as **reminder** to both parties. (In English it is the letters **a** and **t** ... "at" – a moving **at** something).

'n Merk as mikpunt moet dus geëien word en dan moet daar reguit na daardie punt toe gemik word om die "os" by dië "merk" te laat uitkom.

In die woord "oth" is daar 'n uau/vav (Y) ingevoeg tussen die Alef en die Tav (**†Y𐤕**). Hierdie prentjieskrif is 'n "Tentpen" wat die Tent moet vasmaak aan die aarde. JaHUsha as die Alef en die Tav het onder ons kom Tabernakel en was deur die Folterpaal aan die aarde "vasgemaak" t.w.v. die aardbewoners se verlossing uit die gevalle wêreld. Die Hemel en die Aarde is verbind. Die woord "oth" wys dus die vinger na **JaHUsha op die Folterpaal** ... dit is die "**Teken**".

‘n Ander Hebreeuse woord word egter gebruik m.b.t. die “voorhoofsband” in Ex. 13:16, naamlik Strong’s H2903 [“to-phah-phah”, wat ook “Merk” beteken], **maar** in Ex. 13:9 is dit Strong’s H2146 “zikron”. “Zikron” se wortelwoord is in Ex. 13:3, naamlik “zakar”, wat vertaal is met “**Dink aan**”.

“Om te dink aan” het te doen met die mens se “kop”, wat hier simbolies aangedui word as ‘n “Voorhoofsband” om die kop. Dit het die betekenis van ‘n “gedagtenis”, soos om ‘n monument op te rig as ‘n GedenkTeken.

Strong’s H2146 “zikron” From [H2142](#); a **memento** (or memorable thing, day or writing): - **memorial**, record.

Die Ancient Hebrew Lexicon gee vir ons ‘n betekenis van “zakar” wat ons maklik kan verstaan in die lig van ons persepsie van ‘n **Monument** opgerig as ‘n **Gedagtenis**.

AHL 2121 זָכַר (ZKR) ...

Remember: A remembering and action based on a past event.

In hulle aanbidding van JaHUaH was Sy opdrag dat Israel hulle kinders se **denke** moes vorm deur konstante herhinnering en verfrissing van die gebeure van die bonatuurlike Verlossing uit Egipte soos wanneer dit met die hou van die Pasgafees herdenk word as ‘n “geestelike monument”, sodat hulle kan wêet en nooit kan vergeet wië hulle Elohiem is nie en hoe groot en almagtig Hy is en dat **Hy alleen aanbid moet word** en geen ander gode nie, soos wat die eerste woorde van die Tien Gebooe dit inlui ...

Ex. 20:2 Ek is JaHUaH jou Elohiem **wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.**

Ex. 20:3 Jy mag **geen ander gode** voor my aangesig hê nie.

Ex. 20:4 Jy mag vir jou **geen gesnede beeld** of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

Ex. 20:5 **Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie**; want Ek, JaHUaH jou Elohiem, is ‘n jaloerse Elohiem wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;

Dit is juis hierdie woorde wat Daniël se vriende in Dan. 3 **onthou het** omdat dit vir hulle as “**voorhoofsband**” in hulle denke ingeprent was en daarom kon hulle **handel** daarvolgens (*die merk aan die hand*).

Dit wat Daniël se vriende **onthou en gedoen het**, is vir ons ‘n aanduiding waaroor die Seël/Merk van JaHUaH gaan en waaroor die Merk van die Dier aan die anderkant gaan. Sien ook: [DIE DIER EN SY BEELD](#) en [DIE DIER VAN OPENBARING 13](#).

Nog ‘n ander plek waar die woord “zikron” gebruik is, sluit ook hierby aan, nl. in Ex. 17 toe Aäron en Hur Moses se arms moes ophou sodat Israel die geveg teen die Amalakiete kon wen onder die leiding van Josua. Sien ook: [DIE BANIER](#).

Ex. 17:14 Toe sê JaHUaH vir Moses: Skrywe dit as ‘n **aandenking** (**H2146 “zikron”**) in ‘n boek en prent dit Josua in, dat Ek die gedagtenis van Amalek onder die hemel heeltemal sal uitdelg.

Dit was 'n tipe van JaHUsa se **oorwinning op die Folterpaal** oor die Vyand en dit moet soos 'n [Banier gehys word](#) om van ver af gesien te kan word as 'n Baken van Verlossing.

Die Merk in Ex. 13 is dus eerstens 'n **geestelike konsep** wat te doen het met hoe ons **denke** gevorm of gemerk of ingeprent moet word (*die voorhoof*) sodat ons dan reg kan handel (*die hand*) in die toepassing van ons geloof.

Die kern is dat JaHUaH Israel se eersgeborenes eers deur die Paaslam se bloed verseël of “**gemerk**” het met die gevolg dat die Verderwer toe moes verbygaan (Ex. 12:23).

Die Teenstander maak dit omgekeerd na, gepaardgaande met sy eie **menslike** wette, en so kom dit na vore as die “Merk van die Dier” in Open. 13. Menslike wette of verdraaide menslike interpretasie van Skrif baan die weg daarvoor.

MENSGEMAAKTE LERING TYDENS JAHUSHA SE EERSTE KOMS

Die opstelling wat was tydens JaHUsa se **Eerste koms**, sal weer wees met JaHUsa se **Wederkoms**.

Hoe het die Fariseërs (Judaïsme) 2 000 jaar gelede die opdrag in Ex. 13:9 en 16 toegepas? Hulle het fisies dosies gemaak waarin hulle die Tien Gebooie geplaas het, en dit vasgemaak aan die persoon se voorkop en op sy hand. Dit word vandag nog so gedoen. Maar was dit regtig die opdrag?



JaHUsa het hulle aangespreek oor hierdie mensgemaakte “gedenkseëls” (tefillin).

Matt. 23:5 En hulle **doen al hul werke** (*vgl. Ef. 2:8 – 9*) om deur die mense gesien te word, en hulle maak hul **gedenkseëls** breed en die some van hul klere groot.

Matt. 15:8 Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar **hulle hart is ver van My af**.

Matt. 15:9 Maar tevergeefs vereer hulle My **deur leringe te leer wat gebooie van mense is**.

Tit. 1:14 en hulle nie besig hou met **Joodse fabels** en **gebooie van mense** wat **van die waarheid afwyk nie**.

Die destydse Fariseërs is die Rabbies van vandag. Beide aanvaar nie JaHUsa as Messias nie en beide opereer volgens die **Babiloniese** Talmud ... iets wat Juda in Babilon opgetel het toe hulle soontoe weggevoer was weens hulle afgodery.

Waar ons in afwagting is vir JaHUsa se wederkoms, is die opstelling vandag nie anders nie. Ons word mislei deur die Hebreeuse Wortels om by Judaïsme te leer.

2 Joh. 1:7 Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat **nie bely** dat **JaHUsa Messias in die vlees gekom het nie**. Dit is die **Verleier en die Anti-messias**.

2 Joh. 1:8 Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang.

2 Joh. 1:9 Elkeen wat 'n oortreder is en **nie bly in die leer van Messias nie**, hy het Elohiem nie. **Wie in die leer van Messias bly, hy het die Vader sowel as die Seun.**

2 Joh. 1:10 As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, **ontvang hom nie** in die huis nie en groet hom nie.

2 Joh. 1:11 Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke.

Ontvang Judaïsme dus nie in jou “huis van lering” nie, want dit lei gelowiges geleidelik al hoe meer weg van Messias JaHUsa af tot op 'n punt dat hulle Hom verloën as Messias, of Elohiem, of Seun van Elohiem.

Soos wat Judaïsme ingeprent word op die Denke, vorm dit dan reeds al 'n “Merk”, maar dis nie JaHUsa se merk nie en sal soos die uitbeelding in die prentjie hierbo, naderhand kan manifesteer as 'n fisiese merk al is dit nou nog net 'n geestelike merk of inprenting. Ons moet egter die Voorhoofsband van die [Denke van Messias](#) hê (“mind of Messiah”) en Hom as gefolterde (1 Kor. 2:2), soos wat Ex. 12 – 13 dit projekteer.

Judaïsme is die “weg van Kain” teenoor JaHUsa as die “weg, die waarheid en die lewe”, Joh. 14:6.

Om dan die fisiese, aardse eskatologie van Judaïsme na te volg, waarvan die Fisiese Staat van Israel deel vorm, is misleiding en die weg van die aanbidding van die Dier van Openbaring 13 (Sien: [THE EARTHLY ESCATOLOGICAL VIEW VERSUS THE HEAVENLY](#)).

Dis om ook “Babilon” te doen soos Israel gedoen het en word mens dan ook soos hulle weggevoer na Babilon soos wat dit met fisiese Israel gebeur het (Open. 17 veral vers 5) en daar is iets op haar voorkop geskrywe wat nie rym met die Merk van JaHUaH nie. Die Babilon van Openbaring 17 en 18 is die “moderne Egipte” (vgl. Open. 11:8) en gaan die plaë van Egipte ontvang, so ook dië wat hulle in Babilon tuisgemaak het.

Open. 17:5 en op **haar voorhoof** was 'n naam geskrywe: **Verborgeneid, die groot Babilon**, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.

Open. 18:4 En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: **Gaan uit haar uit**, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en **van haar plaë ontvang nie**.

DIE PLAË VAN MODERNE EGIPTES

Ons is in die Egipte van **hierdie wêreld** ook slawe wat vir “Farao stene maak” om sy voorraadstede te bou. JaHUaH gaan ons uiteindelik daarvan verlos en na die Hemelse Beloofde Land neem, en dit gaan gepaard met die plaë in Open. 16.

Die plaë was gewees en sal weer wees. Soos wat die Israëliete in Egipte nie deelgehad het aan die laaste 7 plaë nie, net so sal Geestelike Israel daarvan gespaar word as ons betyds uit die Geestelike Babilon uitgegaan het. Hulle eersgeborenes was verseël/gemerk deur die Bloed van die Pasgalam wat profeties

is van die verseëling van ons Pasgalam, JaHUsa Messias. (Vergelyk ook Open. 7, 14 as [Eerstelinge](#) vir Elohiem en die Lam.)

Open. 7:3 en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons **die diensknegte van onse Elohiem** op hulle **voorhoofde verseël het nie**.

Ons lei af dat ons soos fisiese Israel nie deel behoort te hê aan die plaë nie want in Openbaring is daar in volgorde eers die oopmaak van die **Sewe Seëls**, dan blaas die **Sewe Basuine** en daarna kom die Sewe **Skale** wat die plaë behels, en dis waarvoor ons die Teken/Merk/Seël van die **Bloed van die Lam** moet hê soos in Ex. 12.

Vòòr Open. 13 en voordat die Sewe Plaë/Skale egter aanbreek, gebeur daar iets belangriks ... die sewende en **laaste basuin** blaas en dit is in [Open. 11](#), met ander woorde.

Open. 11:15 En die **sewende engel het geblaas**, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van ons Meester geword en van sy Messias, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.

Open. 11:19 En die tempel van Elohiem het in die hemel oopgegaan, en **Sy Verbondsark** is in **Sy tempel** gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael. (Sien: [Ark of the Covenant](#))

Dit gaan gepaard met 1 Kor. 15 en 1 Thess. 4. Sien ook: [DIE OPSTANDINGSOES MET DIE BLAAS VAN DIE LAASTE BASUIN](#).

1 Kor. 15:50 Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van Elohiem nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.

1 Kor. 15:51 Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,

1 Kor. 15:52 in 'n oomblik, in 'n oogwink, **by die laaste basuin**; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.

1 Kor. 15:53 Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.

1 Thess. 4:13 Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.

1 Thess. 4:14 Want as ons glo dat JaHUsa gesterwe en opgestaan het, dan sal Elohiem ook so die wat in JaHUsa ontslaap het, saam met Hom bring. (saam met Hom terugbring na die lewe)

1 Thess. 4:15 Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Meester, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Meester, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.

1 Thess. 4:16 Want die Meester self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en **met geklank van die basuin van Elohiem**; en die wat in **Messias** gesterf het, sal **eerste opstaan**.

1 Thess. 4:17 **Daarna** sal ons wat in die lewe oorbly, **saam met hulle** in wolke **weggevoer** word (*G726 "harpadzo"= to seize, catch up, catch away, pull, pluck, take by force*) die Meester tegemoet in die lug; en **so sal ons altyd by die Meester wees**.

Thess. 4:18 **Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde**.

Bemoedig mekaar met hierdie woorde want: “So sal ons altyd by die Meester wees” ...

Open. 21:9 En een van die sewe engele wat die **sewe skale gehad het**, vol van **die sewe laaste plae**, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, **ek sal jou die bruid toon**, die **vrou van die Lam**.

Josef is ‘n [tipe van JaHUsa](#) en soos wat Josef se familie versorg en beskerm was in Gosen, so sal ons deur JaHUsa Messias wees in “Gosen”. (Sien: [WHEN THE MONEY FAILS, pt. 1,2,3.](#))

“Gosen” se betekenis is nie maklik om vas te pen nie, maar daar is bronne wat dit beskryf as “drawing near” of “to approach”.

Na wie toe mik ons in ons aanbidding en die uitlewing van ons geloof ... na watter “merk” toe ploeg “die os”? Na wie toe **“nader ons”**? Want daar is een van twee weë waarnatoe ons kan afdraai by die “kruispad van keuses” van 2 Thess. 2, naamlik die Weg van Kain wat die Weg van die Dier is, of die Weg van JaHUsa **as die Lam wat vir ons geslag is**.

Wat ons keuse is, is alreeds die merk waarheen ons ploeg. Mik ons vir die fisiese en aardse eskatologiese siening volgens Judaïsme, soos wat al jare lank deur baie verskillende en bekende kerke gedoen word deur die Millennium as ‘n **fisiese en aardse koninkryk** te sien en Israel te ondersteun volgens **Judaïsme se eskatologie**, terwyl JaHUsa daarteenoor die [Koninkryk van die Hemel](#) kom verkondig het en gesê Sy Koninkryk is nie van hier nie?

Hierdie roete van die fisiese sal mens heel waarskynlik dan uitbring by die **klimaks** van die aanbidding van die Dier en sy merk wat sal behels ‘n beheer i.v.m. koop/verkoop, maar eers is daar dus hierdie gevaarlike strik van die “geestelike merk” m.b.t. verkeerde aanbidding deur die **leringe en gebooie van mense**.

‘n Ope vraag is: Is daar ‘n “beeld” gemaak vir die dier toe die Staat van Israel tot stand gekom het in 1948, en is daar so ook ‘n gees aan dié beeld gegee want die Dier se een kop het ‘n swaardwond ontvang in 70 na Messias.

Open. 13:14 En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle ‘n **beeld** moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. (Vgl. Dan. 2, 3, 7)

Open. 13:15 En dit is hom gegee om ‘n **gees** aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.

Open. 13:16 En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe **‘n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word**;

Open. 13:17 sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die **merk** of die **naam** van die dier of die **getal** van sy naam het.

Open. 13:18 Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van ‘n mens; en sy getal is ses honderd ses en sestig.

Om bogenoemde vraag te kan antwoord moet ons die Dier probeer identifiseer.

ONTSYFERING VAN DIE DIER

Die boek Openbaring is die **Openbaring van JaHUsa Messias** en dit handel grootliks ook oor wië Hy is. Hy is die sentrale inhoud van dië boek.

Wie die Dier is, is iets wat totaal die teenoorgestelde is van wie JaHUsa Messias is. Die lering of doktrine of torah van die Dier is nie in harmonie met die [lering van Messias JaHUsa nie](#). Die boek Openbaring openbaar dus **JaHUsa se waarheid** en **Sy weg** en dit ontbloot ook die **misleiding van die Dier** as “Kain se weg”.

In Openbaring is daar dus hierdie **konflik** tussen geregtigheid en ongeregtigheid, tussen die waarheid en die leuen, tussen die Geslagte Lam van Elohiem en die Dier. Die hart van die konflik gaan oor **wie ons gaan aanbid** en Hy/hy wie ons in aanbidding gaan volg, sal dan **verseël of merk** wie Sy/sy “eiendom” is (Ex. 19:5, 1 Pet. 2:9). Die vraag is dus steeds: By watter merk gaan ons uitkom en hoe kan ons die Dier eien om ‘n ingeligte keuse te kan maak?

Ons lees in die eerste plek van spesifieke Diere wat gepaard gegaan het met historiese wêreldmoondhede in die boek Daniël.

